DIE STEM VAN DIE MARTELARE

Augustus 2020

2020 FOTO-UITGAWE

DIE VREUGDE VAN GEMEENSKAP

Die Antwoord op Christus se Gebed

Twee van my gunsteling verhale in die Bybel het betrekking op Christus en gebed. Die eerste is naby aan die begin van die Here se bediening waar hy vir 'n oomblik tyd neem en ons leer om te bid – "*So moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied ...*" (Matthéüs 6:9-13). Die tweede vind heelwat later in Sy bediening plaas, tydens die moeilikste tyd van Sy aardse lewe, enkele ure voor Sy arrestasie, ondervragings, geseling en kruisiging. By hierdie geleentheid hoor ons Jesus vir ons bid.

Die Apostel Johannes verhaal die woorde van hierdie spesiale gebed in die 17de hoofstuk van sy Evangelie. Jesus begin deur te bid vir diegene wat in Hom sou glo, "*dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U*" (v.21). Dan gaan hy voort en herhaal die woord een om Sy punt te benadruk: "*sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees*" (verse 22-23, nadruk myne).

Ek bid gereeld Christus se gebed in Johannes 17 in my strewe om Sy begeerte myne te maak. Wanneer ek dit doen, word ek gevul met doel en voorneme dat Sy gebed bewaarheid sal word. Laat ons die realiteit wat Hy beskryf nastreef – dat Sy volgelinge dieselfde eenheid sal beleef as wat van ewigheid tussen Vader en Seun bestaan. Geen prys moet as te groot, geen pad as te moeilik beskou word, geen regeringsbeperkings of dreigemente van vervolgers as te intimiderend nie, om ons te verhinder om die volmaakte gemeenskap wat Christus in Sy gebed beskryf, uit te leef nie.

Ons Christenbroers en –susters is 'n kosbare skat. Dit word vir ons bedoel om in Christus 'n rykdom van vreugde in verhouding met ander lede van God se familie te geniet en ons verarm onsself onnodig indien ons afgesonder en geïsoleer bly. Ek kan u verseker dat u pogings om van ons vervolgde broers en susters te weet, vir hulle te bid en hulle te ondersteun, altyd 'n groot oes van vreugde in u hart sal hê.

Ek bid dat hierdie maand se Nuusbrief u sal help om ten volle hierdie wonderlike vreugde in gemeenskap te ervaar – die eenheid wat die antwoord op Christus se gebed is. Ons vervul Sy gebed wanneer ons in die vreugde van ons Christensusters in Indië deel (sien bl. 4) nadat hulle die struikelblokke wat baie van ons Indiese familielede trotseer, oorwin het deur die afgodeaanbidding in Hindoeïsme af te lê om die een ware en lewende God te volg, Ons vervul Christus se gebed wanneer ons ons gebede wy en gawes gee aan ons familielede se Bybelverspreidingspogings in vyandige gebiede, soos in Colombië se guerrilla-beheerde "Rooi Sones" (sien bl. 6). Ons vervul Christus se gebed wanneer ons die pogings ondersteun van ons Christenfamilielede in Irak en Sirië (sien bl. 10) wat, na hulle deur Moslems uit hulle huise verdryf is en van al hulle wêreldse besittings beroof is, kies om daardie selfde Moslems genoeg lief te hê om die Evangelie met hulle te deel.

Mag ons volkome één word.

Ashley

"Sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word."

—Filippense 3:10

Op die voorblad: 'n Christenvrou wys haar vreugde by 'n SVM-voedselverspreiding vir ontwortelde Christene in noordelike Nigerië.
SVM voorsien vir duisende ontwortelde Nigeriese Christene en ondersteun ongeveer 1,400 weduwees wat hulle mans in godsdiensgemotiveerde aanvalle verloor het.

Openlike aanbidding in plekke waar Christene vervolging trotseer kan baie gevaarlik wees, maar dit is belangrik vir hulle geestelike groei en welstand. Nuwe Gelowiges trotseer dikwels die wreedste vervolging, insluitende verwerping van hulle vriende en die samelewing, maar gemeenskap met ander Gelowiges gee hulle krag.

Dit is van uiterste belang om die kinders van Gelowiges wat die toekoms van die kerk is, in vyandige gebiede en beperkte nasies te bereik. Hierdie kinders moet, net soos hulle ouers, standvastig word in geloof sodat hulle hul nasies om Christus wil kan beïnvloed. Elke jaar versprei SVM duisende Kersfees-Omgeepakke soos hierdie aan kinders in moeilike gebiede. Al die pakke sluit 'n Bybel in.

Onwettig in sommige lande en gesensor of beperk in ander lande, is God se Woord veral kosbaar vir diegene wat onder vervolging lewe. Christenwerkers waag hulle lewens om Bybels — skriftelik, oudio en digitaal — na vervolgde Gelowiges te bring.

Die verskeie vlugtelingkrisisse van onlangse jare het geleenthede geskep vir Gelowiges om die Evangelie met diegene te deel wat van vyandige gebiede geëmigreer het na plekke waar Gelowiges vrymoedig met hulle oor Christus kan praat. Struikelblokke in die lewe van hierdie vlugtelinge het ook die harte van baie, veral Moslems, versag vir die Evangelie.

God gebruik getroue getuies om Sy kerk onder elke stam, taal en nasie te bou. Frontlinie-Werkers plant kerke en reik uit na diegene wat in die mees afgeleë gebiede woon en lei baie mans, vrouens en kinders na Christus. Hierdie Christenwerkers trotseer groot risiko's van vervolging wanneer hulle hul huise en dorpe verlaat om Christus te deel met diegene wat vyandiggesind is teenoor die Evangelie.

In sommige gebiede wat vyandiggesind is teenoor Christus, word die doop gesien as die uiterste daad van uitdaging of verraad. Wanneer nuwe Gelowiges gedoop word, word dit beskou as totale versaking van hulle kultuur se geloofsisteem. Ondanks die teenkanting van familie en die samelewing wat hulle trotseer, verwelkom Gelowiges, wat die waarheid in Jesus Christus vind, die geleentheid om gehoorsaam hulle onderdanigheid aan Hom te verklaar.

Augustus/September 2020 Gebedsdagboek

		AUGUSTUS		Ek het gebid
S	16	BROENEI	Bid vir Gelowiges wat onderhewig is aan Sharia- of Islamitiese wet.	❑
M	17	PAKISTAN	Bid vir diegene wat steeds herstel na aanvalle op kerke in Peshawar en Quetta.	❑
D	18	MAURITANIË	Bid dat diegene wat weens hulle geloof gevange geneem is, moedige getuies sal wees.	❑
W	19	MALI	Bid dat die kerk die lig van Christus sal uitstraal ondanks djihadistiese aktiwiteite.	❑
D	20	KATAR	Bid dat kultuur en tradisie mense nie sal verhinder om hulle tot Christus te bekeer nie.	❑
V	21	ETIOPIË	Bid vir Christene wat deur die Moslemgemeenskap in suidelike en oostelike Etiopië vervolg word.	❑
S	**22**	**KAZAKHSTAN**	**Bid dat Christelike dwelm- en alkoholrehabilitasiesentrums nie gedwing sal word om te sluit nie.**	❑
S	23	SRI LANKA	Bid dat meer kerke in vyandige Hindoe en Boeddhistiese gebiede geplant sal word.	❑
M	24	INDONESIË	Bid vir Andreas in die provinsie Jambi wat beskuldiging van lastering teen Islam in die gesig staar.	❑
D	25	KOEWEIT	Bid dat jongmense die antwoorde waarna hulle soek in Jesus Christus sal vind.	❑
W	26	SUIDELIKE MEXICO	Bid dat kerke in streke van voortdurende burgerlike onrus, standvastig en getrou sal bly.	❑
D	27	SOMALIË	Bid vir die veiligheid van Gelowiges wat vervolging deur familie, bure en terroriste trotseer.	❑
V	28	AFGANISTAN	Bid vir die verspreiding van die Evangelie via radio, TV, sosiale media en Bybelvertaling.	❑
S	**29**	**NOORD-KOREA**	**Bid vir bejaarde Noord-Koreaanse sendelinge wat gereeld hulle lewens waag om die Evangelie te deel.**	❑
S	30	TANZANIË	Bid dat regeringsleiers sterk sal staan teen die invloed van Islam.	❑
M	31	MAROKKO	Bid dat Christene eendrag in Marokko sal behou.	❑

		SEPTEMBER		Ek het gebid
D	1	OESBEKISTAN	Bid vir President Shaykat Mirziyoyev.	❑
W	2	SAOEDI-ARABIË	Bid dat diegene wat weens hulle geloof op verhoor wag, bemoedig en versterk sal word.	❑
D	3	NOORD-KOREA	Bid vir "Suster J" wat Bybels in Noord-Korea versprei.	❑
V	4	CHINA	Bid vir Pastor Xi en sy vrou wat gearresteer, gemartel en gedwing is om te hervestig.	❑
S	**5**	**KOEWEIT**	**Bid dat Koeweitse studente in die V.S. die Evangelie sal hoor en tot Christus sal bekeer.**	❑
S	6	SENTRAAL AFRIKAANSE REP.	Bid dat ontwortelde Christene hulle vervolgers sal vergewe.	❑
M	7	SOMALIË	Bid dat Gelowiges toegang tot Somaliese Bybels sal kry.	❑
D	8	MAROKKO	Bid dat Islamitiese skole, onder ekstremiste beheer, gesluit sal word.	❑
W	9	BROENEI	Bid dat kerke en sendelinge kreatiewe maniere sal vind om die Evangelie aan Maleise mense te bring.	❑
D	10	TURKYE	Bid dat Christenjeug huweliksmaats sal vind wat aan Christus toegewyd is.	❑
V	11	DJIBOETI	Bid vir Christenbekeerlinge uit Islam wat druk en vervolging van hulle gemeenskappe trotseer.	❑
S	**12**	**EGIPTE**	**Bid dat Christenbekeerlinge uit Islam deur bestaande kerke aanvaar sal word.**	❑
S	13	LIBANON	Bid vir pastors en kerke wat oorweldig voel deur die behoeftes van vlugtelinge.	❑
M	14	VERENIGDE ARABIESE EMIRATE	Bid dat meer werkers na stamgebiede van die land gestuur sal word.	❑
D	15	BROENEI	Bid vir 'n Frontlinie-werker wat aan kanker ly.	❑
W	16	KATAR	Bid dat Gelowiges vrees sal oorkom en dat die Evangelie vrylik gedeel sal word.	❑
D	17	LIBANON	Bid vir vervolgde Christene wat alleen voel in hulle lyding.	❑
V	18	SUIDELIKE MEXICO	Bid vir Spaanse Bybelverspreidings in voormalige onbereikte gemeenskappe.	❑
S	**19**	**LIBIË**	**Bid vir diegene wie se enigste geleentheid vir gemeenskap, aanlynkerke is.**	❑

Vir meer inligting, besoek **www.persecutionsa.org**

Teken in op ons GRATIS maandelikse Nuusbrief: Besoek www.persecutionsa.org

VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:

Nedbank
Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)
Takkode: 192505 (Bedfordview)

Standard Bank
Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)
Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

ABSA Bank
Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)
Takkode: 632005 (Bedford Centre)

Gekruisde Tjeks of Posorders - Uitgemaak aan Christelike Sending Internasionaal.

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Tel: 011 873-2604/5 | Kantoor Sel: **076-022-3336** (8vm-2vm)
Fax: 011-873-3859 | E-pos: **cmi@vomsa.org** | Webtuiste: **www.persecutionsa.org** | Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

Uitvoerende Direkteur: Mnr Ashley Illman - Direkte Selnr: 083 457 4164

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.